

## Hidrosfeer

November 2018


1.10 Die sfeer waarin minerale gevind word, staan as ... bekend.

- A atmosfeer
- B biosfeer
- C litosfeer
- D stratosfeer

(2)

### VRAAG 10 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Die diagram hieronder toon hoe die hidrosfeer met die biosfeer verbind is. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.



10.1 Onderskei tussen die *hidrosfeer* en *biosfeer*.

(2)

10.2 Skryf neer die naam van proses:

10.2.1 **A**

(1)

10.2.2 **B**

(1)

10.2.3 **C**

(1)

10.3 Beskryf die energieveranderinge gedurende proses **A** en **B**. Skryf slegs ENERGIE GEWEN of ENERGIE VERLOOR neer.

(2)

10.4 Beskryf die interaksie tussen die hidrosfeer en plante.

(4)

[11]

## Hidrosfeer

November 2017


1.10 Al die grond op Aarde staan as die ... bekend.

- A atmosfeer
- B biosfeer
- C litosfeer
- D hidrosfeer

(2)

### VRAAG 9 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Bestudeer die watersiklus hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



9.1 Die watersiklus bestaan uit baie prosesse.

Identifiseer die volgende prosesse:

9.1.1 A (1)

9.1.2 B (1)

9.1.3 E (1)

9.2 Word energie tydens kondensasie GEABSORBEER of VRYGESTEL? Gee 'n rede vir die antwoord. (2)

9.3 Gee EEN rede waarom daar na waterdamp as 'n belangrike kweekhuisgas verwys word. (2)

9.4 Die hoeveelheid reënval het onlangs oor groot gebiede van Suid-Afrika aansienlik verminder. Verskillende redes word gegee om die droogte te verduidelik.

Noem EEN moontlike strategie wat 'n gemeenskap kan volg om te verseker dat hulle 'n vaste/deurloperde voorraad water het.


(2)  
[9]

## Hidrosfeer

November 2016

- 1.10 Die hidrosfeer word die beste beskryf as ...
- A die rotslaag wat bo die aarde se mantel gevind word.
  - B die warm vloeibare rots wat in die aarde se buitekern voorkom.
  - C die baie digte rotslaag wat in die aarde se binnekern voorkom.
  - D al die water onder, bo en bo-op die oppervlak van die aarde. (2)

- 10.3 Die diagram hieronder verteenwoordig komponente van die globale stelsel.



Watter EEN van die simbole verteenwoordig die:

- 10.3.1 Atmosfeer (1)
  - 10.3.2 Biosfeer (1)
  - 10.3.3 Litosfeer (1)
- 10.4 Noem die DRIE hoofprosesse betrokke by die oordrag van water van een deel van die watersiklus na die volgende. (3)
- 10.5 Beskryf EEN manier waarop die vraag na water tans bevredig word. (2)
- [14]**

## Hidrosfeer

November 2015


1.1 In watter EEN van die volgende globale stelsels word alle lewende organismes aangetref?

- A Biosfeer
- B Litosfeer
- C Atmosfeer
- D Hidrosfeer

(2)

### VRAAG 10 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Die watersiklus in die diagram hieronder verbind die hidrosfeer met die ander globale stelsels. Die letter P, Q, R en S dui sommige van die prosesse aan wat in die watersiklus plaasvind.



10.1 Verduidelik kortliks die term *hidrosfeer*. (1)

10.2 Noem die prosesse gemerk:

10.2.1 P (1)

10.2.2 Q (1)

10.2.3 R (1)

10.2.4 S (1)

10.3 Skryf EEN voordeel van proses R neer. (1)

10.4 Die bou van damme het verskeie voordele vir mense en die omgewing. Noem TWEE van hierdie voordele. (2)

[8]